N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 27 September 2020

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Eksodus 17 :1-7

Tema: Tel jou seëninge

1. **Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie.**

2. **Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: "Gee jý vir ons water om te drink!"**
   En Moses antwoord hulle: "Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?"

3. **Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: "Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?"**

4. **Daarna het Moses tot die Here geroep: "Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood."**

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

5. Toe sê die Here vir Moses: "Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit.

6. Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink."
Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel.

7. Hy het die plek MassaMassa verwys na "op die proef stel". en MeribaMeriba verwys na "rusie". genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: "Is die Here by ons of nie?"

Gemeentelike kommunikasie en eredienste

- **Die hervatting van eredienste, in die kerkgebou begin op Sondag 4 Oktober 2020 om 09:00.**
- **Dit is onderhewig aan die regulasies van inperking vlak 1. (Sien asb. bylaag A hierby aangeheg).**
- **Virtuele eredienste sal steeds, soos in die verlede op die gemeente se onderskeie sosiale media platforms geplaas word.**

Die virtuele erediens van 27 September 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube
https://youtu.be/MWFMbEsCtFk

Facebook live
https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/374807833548342/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"
https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-27-september-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Die boodskap van bemoediging op Woensdag 23 September 2020 se skakels is soos volg:

Youtube

https://youtu.be/kyR2XTXfojE

Facecook Live

https://www.facebook.com/watch/?v=345674334107954 1&extid=MOqJlzYg8WiYtXkK

Soundcloud

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-boodskap-van-bemoediging-op-23-september-2020

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat volgende week verjaar:

Hildegarde Olivier	29 September
Raaitjie Smuts	30 September
George Zaayman	30 September
Wynand Breytenbach	01 Oktober
René Ehlers	01 Oktober
Orna Du Plessis	03 Oktober
Rita Matthee	04 Oktober

Voorbidding

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**
  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
  - Carolien Du Toit van Jakarandalaan 10;
  - Anél Hugo van Bothastraat 25;en
  - Jan Mare van Keyterstraat 25.

Ons bid ook vir die volgende sake:-

- Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
- Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe,(die inperkings daar het die gemeentes swaar getref.
- Die gemeentes is Bosnië beleef ook moeilike omstandigede.
- in die besonder die korona-virus pandemie.
  - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
  - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
  - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
  - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
  - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

Algemeen:

Woensdag: 30 September 2020:

09:00 Vrouebybelstudie
18:00 Mannebybelstudie

Koekies en Beskuit:

As gevolg van die inperking kon ons nie vanjaar basaar hou nie. Maar as jou koekie- en beskuitblikke dalk leeg is hier is `n oplossing. Paar van ons gemeente baksters bak koekies en beskuit op bestelling. Indien jy graag wil koop of wil bestel kontak gerus:
Hermien Van Der Westhuizen by 082 850 9096.

Gemeentelike finansies:

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

U kan elektroniese betalings maak en daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u,u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.